Vrydag **26 Januarie**

**Skrifgedeelte: Esegiël 16:15, 58-63**

**Fokusgedeelte: Esegiël 16:60, 62-63 (AFR 33/53; AFR83; AFR2020)**

**Die HERE sal jou nooit los nie**

Deur sy genade gee die HERE vir jou lewe en Hy gee dit in oorvloed. En tog, so hoog as wat mens kan styg deur die genade van die HERE, so laag kan ons soms daal. Die aantreklike metafoor van ’n spogbruid verander nou in die afstootlike beeld van ’n ontroue vrou.

Hier vanaf Esegiël, 16:15-57 (lees gerus hierdie gedeelte ook) beskryf die profeet vir ons die skokkende gedrag van ’n spogbruid wat haarself nou tot prostitusie begeef het. Sy het nou op haar skoonheid wat die HERE vir haar gegee het staatgemaak en die geskenke wat sy ontvang het, het sy nou vir verkeerde doeleindes begin gebruik.

Hoogmoed is een van die groot slaggate wat op elke Christen se lewenspad loer en ons val so maklik daarin. Ons vergeet dat dit wat ons is en het, net op grond van God se groot genade daar is. Ons begin dink dat ons so bietjie beter as ander mense is of ons word verlei deur die sogenaamde “aantreklikhede” van die wêreld. Dit wat verkeerd is, word nou reg.

Die HERE beskryf vir ons die gevolge daarvan om van Hom af weg te draai. Dit wat so aantreklik is, word naderhand ’n bitter pil om te sluk. Hulle sê dat alles met ’n rede gebeur. Somtyds is die rede vir moeilikhede wat oor pad kom dat ons dwaas opgetree het.

En tog, ten spyte van die donker prentjie van God se oordeel wat hier voorgehou word, skyn God se genade soos ’n helder lig deur die donkerte. Daar is hoop. Daar is weer tyd vir ’n nuwe begin saam met die HERE. In die Nuwe Testament hoor ons van die donkerte van ’n kruis, maar die lig van Jesus se opstanding is dat Hy die dood oorwin het en Hy bekragtig die nuwe verbond waarvan die HERE ons hier vertel. Die HERE beloof dat Hy sy verbond self in stand sal hou, naamlik dat Hy vir ons ’n God sal wees en dat ons in Jesus sy kinders sal wees.

Dis nie ons skuldbesef wat genade bring nie. Dis God se genade wat die skuldbesef in ons wakker maak. Die HERE sal jou nooit los nie en Hy soek jou keer op keer weer op. Onthou die skande van jou skuldbesef wat volg op die HERE se genade sodat jy nie weer in boosheid verval nie.

*Sing: Psalm 130-1:1, 2*

*Ds. JG (George) van der Walt (Emeritus)*